# WAT IS BELANGRIK IN DIE GESKIEDENIS?

## I

Elke gebeurtenis in die verlede wat deur die historikus verhaal word, is oneindig ryker en gekompliseerder as sy weergawe daarvan. Dit kan ook nie anders nie, want die historikus kan onmoontlik alles vermeld wat daar gebeur het. Hy kies dus uit die aantal gegewens wat tot sy beskikking staan, slegs dié wat hy as belangrik beskou en in sy geskiedverhaal wil opneem. Hy selekteer dus. Maar dit bevredig nie ons nuuskierigheid om slegs te weet dat die historikus sekere gegewens selekteer nie. Ons wil ook weet: Hoe selekteer hy? Wat is die kriterium vir historiese seleksie? Mens beantwoord sekerlik nie die vraag nie deur te antwoord dat hy die belangrike van die onbelangrike skei, of, soos Ernst Bernheim, dat hy slegs die wesentlike in sy geskiedverhaal opneem.[1] Die vraag is juis: Wat is belangrik? Wat is wesentlik? Wat is histories?[2] Wanneer bars 'n feit, soos Georg Simmel dit uitgedruk het, „oor die drumpel van die historiese bewussyn"?[3]

Nou is dit ongetwyfeld waar dat iedere historikus, in soverre hy in die praktyk in staat is om die belangrike van die onbelangrike te skei, die antwoord op hierdie vraag ken. Iedere historikus, selfs hy wat die naam van historikus nouliks verdien, is in staat om 'n tiental dokumente deur te lees, sekere gegewens daarin wat hy as belangrik beskou, te selekteer, 'n verband tussen die gegewens te lê en op papier neer te skrywe as 'n geskiedverhaal. Die historikus gaan by sy vasstelling van wat belangrik of wesentlik is vir sy geskiedverhaal, heeltemal instinktief en gevoelsmatig te werk. Hy het dit wat hy belangrik geag het in die tiental dokumente wat hy gelees het, geselekteer sonder om homself eenmaal af te vra: Hoe selekteer ek my gegewens? Wat is die beginsel waarvolgens ek die wesentlike van die onwesentlike skei? Dit is sekerlik waar dat die grootste gros geskiedskrywers hulle nie „bewustelik" van hulle wyse van seleksie rekenskap gee nie. Dit skyn ook nie noodsaaklik te wees nie, want Heinrich Rickert verseker ons dat wanneer die geskiedskrywer „sonder logiese teorie nie reeds korrek te werk gaan nie, hy uit die wetenskapsleer of logiese teorie niks sal leer nie".[4] En in 'n ander verband verseker Jan Romein ons op 'n humoristiese wyse, dat „wie zich al zwemmend, voortdurend rekenschap geeft van de bewegingen van zijn

1. Bernheim, E.: *Lehrbuch der historische Methode* (1908), 167-9.
2. Heinrich Rickert onderskei 3 betekenisse van die woord „histories": (1) Wanneer ons sê „iets is onhistories", bedoel ons dit is *onjuis, onwerklik.* (2) Wanneer ons praat van „'n historiese moment", bedoel ons 'n *belangrike,* 'n *betekenisvolle* moment. (3) Wanneer ons sê „dit of dat het histories geword", bedoel ons dit het *geen positiewe of negatiewe waarde meer vir ons in die hede nie.* (*Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 339). Die betekenis wat ons hier aan die woord „histories" heg, is in (2) — d.w.s. *belangrik* of *betekenisvol.*
3. Simmel, G.: *Die Probleme der Geschichtsphilosophie* (1905), 131.
4. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 303.

been-, arm-, en rugspieren, loopt groot gevaar op het eind de ‚slag' kwijt te raken en te verdrinken".[5] In die lig van sulke uitsprake word dit dan inderdaad noodsaaklik dat ons onsself afvra: Waarom wil ons weet hoe die historikus selekteer? Het dit enige nut dat ons kennis-teoreties gaan besin oor hoe die historikus die belangrike van die onbelangrike skei?

As ons hierdie vrae moet beantwoord, is dit al dadelik insiggewend om in gedagte te hou dat nieteenstaande die twee pas aangehaalde uitsprake van Riekert en Romein, Rickert se groot verdienste vir die geskiedwetenskap daarin geleë is dat hy dit teoreties gaan afgrens het van die natuurwetenskap en aangetoon het dat eersgenoemde 'n volwaardige kennisvorm is met 'n eie, besondere aard, en dat die idee van 'n „teoretiese geskiedenis" wat besin oor wat die historikus doen, vir Romein sy lewe lank gefassineer het. Die filosoof Rickert en die historikus Romein, het hulle dus besig gehou met die teoretiese grondslae van die geskiedenis-as-wetenskap. Daar is egter ook meer spesifieke antwoorde te gee op die vraag waarom ons wil weet hoe die historikus selekteer: Eerstens is dit nou eenmaal so, dat die man wat bewustelik weet waarom en hoe hy iets doen, en hom daaromtrent kan rekenskap gee, bo hom staan wat onbewus is van wat hy besig is om te doen. Tweedens is dit ook soms noodsaaklik dat die historikus „bewus" na sy beginsel van seleksie vra: Een en dieselfde geskiedkundige gebeurtenis word deur verskillende historici verskillend gesien, d.w.s. uit dieselfde tiental dokumente word deur die een historikus hierdie feite en deur 'n ander historikus daardie feite as belangrik beskou, want soos E. H. Carr sê, is dit die historikus „who decides to which facts to give the floor".[6] So ontstaan twee verskillende vertolkings van die verlede. Waarom? Omdat die twee geskiedskrywers die gegewens met twee verskillende seleksie-beginsels benader het. Watter seleksie-beginsel is dan die juiste? Ons stoot hier, as ons die vraag wil beantwoord, op die sentrale probleem in die geskiedenis-as-wetenskap. Die objektiwiteitsvraagstuk is hier in die gedrang.[7] En dit is 'n probleem waarvan elke historikus, ook hy wat met afsku vervul is teenoor enige teoretisering, reflektering of besinning op sy wetenskap, notisie moet neem. Ons sien dus dat dit hierdie „very selectivity of history" is, soos Ernest Nagel sê, wat beslissend is vir die ander groter vrae oor die aard van die historiese kennis.[8]

In die lig van ons voorafgaande betoog kan ons dus konkludeer dat dit soms noodsaaklik is dat die historikus op die kriteriums van seleksie moet reflekteer. Alleen moet hy dan onthou, soos Arvid Grotenfelt beklemtoon, dat sy teoretisering steeds die allernouste verband met die werklike historiese gebeure moet hê.[9] Dit kan ongelukkig nie van Heinrich Rickert gesê word dat hy hierdie voorwaarde in gedagte gehou het nie. En daarom is dit vir die historikus soms moeilik om in die dun lug van

5. Romein, J.: *Het Onvoltooid Verleden* (1948), 75.
6. Carr, E. H.: *What is History?* (1962), 5.
7. Die verband tussen seleksie en objektiwiteit gaan ons nie in hierdie opstel na nie.
8. Gardiner, P.: (ed.): *Theories of History* (1959), 376.
9. Grotenfelt, A.: *Die Wertschätzung in der Geschichte* (1903), 180-2.

Rickert se abstrakte, logiese gedagtes asem te haal, daarom kon Rickert verklaar dat die historikus met 'n kennis-teoretiese besinning, niks vir die praktiese geskiedskrywing sal leer nie; daarom kon hy verklaar dat „die logika slegs ter wille van die logika beoefen word"[10] — gerieflikheidshalwe dus vergetende dat dit om 'n geskiedenis-logika gaan, met die klem op die geskiedenis. Anders, meen ons, is dit by Romein. Hierdie historikus het al swemmende veel op sy spierbewegings gekonsentreer, maar nooit soveel dat hy vergeet het om te swem nie.

Die probleem van historiese seleksie het altyd bestaan. Geskiedskrywers vanaf Herodotus tot Toynbee het in die praktyk met die vraagstuk te doene gehad — of hulle noual daarvan bewus was of nie, of hulle hul noual daaroor uitgelaat het of nie. Hulle het gesien dat daar in die verlede sekere gebeurtenisse is wat belangriker is as ander.

Reeds Plutarchus (ongeveer 46-120), wie se biografieë eeue lank vir historici as voorbeeld gedien het, skrywe dat hy in die lewensbeskrywing waarmee hy besig is, wil aantoon hoe 'n groot figuur sy held was, en daarom „onder sy dade die voortreflikste en gedenkwaardigste selekteer".[11] 'n Weinig later het die Siriër, Lukian (ongeveer 120-180), hom weer as volg uitgelaat: „Daar is diegene wat die grootste en gedenkwaardigste van wat gedoen is, oor die hoof sien of slegs vinnig daaroor heen loop, uit dwaasheid, gebrek aan begrip en onkunde van wat vermeld of nie vermeld moet word nie. Hulle hou hulle met die onsinnigste kleinighede besig en sit dit dan met die grooste noukeurigheid uiteen."[12]

Gedurende die Middeleeue verseker Otto von Freising (ongeveer 1115-1158) ons weer: „In die geskiedskrywing is daar veel wat weggelaat is, maar ook veel wat geselekteer is."[13]

Die probleem van historiese seleksie het in belangrikheid toegeneem toe die antikwariese en geleerde geskiedskrywing in die 17de eeu 'n enorme massa boumateriaal begin aandra het. Die antikwariese belangstelling en die versamelgees het talle omvangryke bronne-uitgawes tot gevolg gehad, soos die lywige werke van Thomas Rymers, Muratori en Ducange duidelik bewys. Die oorweldigende hoeveelheid boustof het egter 'n behoefte laat ontstaan na seleksie, en die geroep na seleksie en sintese word dan ook deur die geskiedskrywers van die Aufklärung opgeneem. Voltaire, 'n tipiese voorbeeld van die Aufklärung-historikus, laat hom herhaaldelik in die verband uit. „In al hierdie omvangryke versamelinge wat mens nie kan oorsien nie", skrywe Voltaire, „moet mens jou beperk en selekteer. Dit is soos 'n groot pakhuis waaruit jy slegs dit moet neem wat jy nodig het." En 'n ander keer herhaal hy weer: „In plaas van 'n enorme hoeveelheid feite te versamel . . . moet mens slegs die belangrikste en betroubaarste selekteer."[14]

10. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 303.
11. Wagner, F.: *Geschichtswissenschaft* (1951), 24.
12. Ibid., 35.
13. Ibid., 51.
14. Ibid., 87, 92.

Besonder dringend het die vraag na die wyse waarop die historikus sy gegewens selekteer, egter aan die begin van die 20ste eeu geword, toe daar van verskeie kante bedenkinge teen die sekerheid van historiese kennis uitgespreek is. Dit het daartoe gelei dat die historiese metode deur filosowe en historici, in 'n ondersoek betrek is. Veral die wyse waarop die historikus sy feite uit die oseaan van die verlede selekteer, het hier ter sprake gekom, want op die oog af lyk dit 'n taamlike willekeurige daad om 'n aantal feite uit die verlede te selekteer, hulle aanmekaar te koppel en dan aan te bied as 'n geskiedverhaal. Van die seleksie-beginsel verklaar Heinrich Rickert, is die logiese struktuur van die historiese „Darstellung und Begriffsbildung" noodwendig afhanklik.[15] Die vraag na 'n kriterium van seleksie, verklaar Heinrich Maier, is die „Kardinalfrage" waarvan die ganse wetenskaplike „Charakter und Rang" van die geskiedenis-as-wetenskap afhang.[16]

Die vraag het dus klemmend geword: Hoe selekteer die geskiedskrywer? In die debat wat sedert die eeuwisseling hieroor losgebars het, is daar twee, op die oog af onversoenbare, antwoorde gegee. Volgens die een opvatting is die kriterium van seleksie die oorsaaklike belangrikheid van 'n bepaalde persoon, gebeurtenis of verskynsel vir die verdere verloop van die geskiedenis. Hiervolgens het iets des te meer aanspraak om in 'n geskiedverhaal opgeneem te word, hoe groter gevolge dit gehad het, hoe belangriker die gevolge was wat daaruit voortgevloei het. Teenoor die opvatting staan 'n ander, waarvolgens die kriterium van seleksie die belangrikheid is wat iets vir lewens- of kultuurwaardes het. Volgens hierdie teorie kies die historikus uit die groot massa van persone, gebeurtenisse en verskynsels, dié uit waaraan hy 'n bepaalde betekenis toeken vir godsdiens, kuns, wetenskap, politiek en ander geestelike- of kultuurwaardes.

Voor ons hierdie twee oplossings vir die probleem van 'n historiese seleksie-kriterium egter van naderby ondersoek, wil ons eers drie faktore wat die seleksie-prosedure sterk beïnvloed, uitleg en in oënskou neem.

1. *Onderwerp.* Die onderwerp wat die historikus kies, bepaal sy verdere seleksie van feite. Die historikus wat oor die Tweede Vryheidsoorlog skryf, kan nie Napoleon se Russiese Veldtog daarin ter sprake bring nie. Die onderwerp is hier die maatstaf waaraan die historikus die geldigheid of relevansie van sy feite meet. Dit wat nie daarop betrekking het nie, word as irrelevant verwerp. So meet Heinrich von Treitschke in sy *Deutsche Geschichte im* 19. *Jahrhundert* alle gegewens slegs daaraan in hoeverre dit op die eenwording van Duitsland betrekking het, want ten spyte van die omvattende titel van sy werk is sy onderwerp eintlik die eenwording van Duitsland. Vir hom is daarom belangrik dié dinge wat die samesmelting van die Duitse state bevorder of in die weg gestaan het. En so sal die geskiedskrywer wat oor die vrystelling van die slawe in die Britse Ryk skryf, dié gegewens as belangrik selekteer wat die vrystelling

15. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 293.
16. Maier, H.: *Das geschichtliche Erkennen* (1914), 10.

bevorder of teengewerk het. Maar selfs dan het die historikus nog met 'n enorme hoeveelheid gegewens te kampe en is 'n verdere seleksie noodsaaklik. Hierdie verdere seleksie is eintlik wat ons as „die probleem van historiese seleksie" bestempel.

2. *Detailvermelding.* Ook die omvang van die detail waarmee die historikus sy verhaal belaai, beïnvloed die seleksie. Dit spreek vanself dat hy wat soos Louis Madelin 'n sestien-delige werk oor Napoleon skryf, veel meer gegewens sal selekteer as hy wat dieselfde onderwerp in 'n eendelige werk afhandel. Die kartografiese duidelikheid van 'n landskap neem toe namate meer besonderhede op die landkaart aangebring word, om dan, wanneer die aangroeiende besonderhede 'n sekere lyn oorskrei, weer aan oorsigtelikheid in te boet. Dan lei dit tot wat J. Presser noem „de bankroet van de overdaad".[17] Die feit dat D.C. Somervell dit nodig geag het om Toynbee se *A Study of History* in 'n „abridgement" saam te vat — en dus daaruit te selekteer slegs dit wat hy belangrik ag — is 'n duidelike bewys van hoe die vermelding van detail in die stuk geskiedenis wat beskryf word, die historikus se skaal van seleksie beïnvloed.

3. *Bronne-omvang.* Ook die omvang van die bronne-materiaal wat tot die historikus se beskikking staan, beïnvloed die historikus se seleksie. Wanneer daar 'n enorme aantal gegewens tot die historikus se beskikking staan, kan hy homself veroorloof om besonder kieskeurig te selekteer, maar wanneer die gegewens skaars is, kry selfs die onbeduidendste feit 'n betekenis wat dit andersins nie sou hê nie.[18] Ons kan dit aan die volgende voorbeeld, wat ons aan Jan Romein ontleen — ofskoon hy dit in 'n ander verband gebruik — illustreer: „Het huishoudboekje", skrywe Romein, „van een spinster uit de 16de eeuw — gesteld zij had er een bijgehouden — zou voor een economisch of sociaal historicus zijn gewicht in goud waard zijn . . ."[19] Waarom? Enkel en alleen omdat huishoudboekies uit die 16de eeu nou eenmaal nie iets is wat 'n historikus aldag raakloop nie. Die skaarsheid daarvan maak dit waardevol en daarom sal hy nie nalaat om die gegewens daarin te selekteer nie. Die bronnemateriaal wat vir die historikus bewaar gebly het, hang weer in groot mate van toeval af, maar oor die algemeen kan ons tog sê dat die hoeveelheid historiese materiaal vermeerder namate ons die hede nader.[20] „Wie in de 7e of 8e eeuw werkt, zal blij zijn met ieder feit en zelfs feitje dat tot zijn kennis komt; wie daarentegen de geschiedenis van de tweede wereldoorlog moet schrijven, zal blij zijn — al zal hij het niet hardop zeggen — wanneer hij iets *niet* kan weten", aldus Jan Romein.[21] En inderdaad is dit vandag amper so erg. Die enorme omvang van die gegewens wat soms deur die moderne historikus deurgewerk moet word eer hy sy verhaal kan vertel, dreig om hom te oorweldig en skyn die menslike ken-

17. Presser, J.: *Napoleon. Historie en Legende,* I (1960), 12.
18. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 295.
19. Romein, J.: *In de Hof der Historie* (1951), 95.
20. Bauer, W.: *Einführung in das Studium der Geschichte* (1921), 14.
21. Romein, J.: *In de Hof der Historie* (1951), 100.

vermoë te bowe te gaan. Een voorbeeld: Alleen die vonnis wat die internasionale regbank te Tokio oor die Japanse oorlogsmisdadigers gevel het, tel meer as 4,000 bladsye, en daarby kom dan nog die byna 50,000 bladsye van die hofnotule en die 30,000 bladsye wat die bewysstukke uitmaak. Die historikus wat die geskiedenis van die Japanse oorlogsmisdade wil skrywe, sit dus gekonfronteer met meer as 80,000 bladsye om deur te worstel.

## II

Herodotus (ongeveer 484-425), „die vader van die geskiedenis", skryf in die voorrede van sy werk dat hy daarmee die dade van die Grieke en barbare vir die toekomstige geslagte wil bewaar, en dat hy veral, bo enigiets anders, die oorsake van hulle onderlinge stryd wil aantoon.[22] Herodotus het dus reeds 'n begrip van veroorsaking, van kousaliteit, in die geskiedenis gehad. En so het alle historici na hom, bewus of onbewus, die oorsake van gebeurtenisse in die verlede nagespoor. Die historikus soek na die oorsake, na die wortels van gebeurtenisse. Hy wil met ander woorde sien hoe dinge geword het.

In elke wetenskap, werk die navorser met die formele kousale beginsel wat uitgaan van die standpunt dat die dinge geword het soos hulle is deur die werking van sekere oorsake. So omvat ook die historiese metode die erkenning van 'n bestaande gebeurtenis, 'n beginpunt en 'n reeks van drade of gebeurtenisse wat die bestaande gebeurtenis en die beginpunt verbind. Vanaf die beginpunt soek hy in die daaropvolgende gebeurtenisse die oorsake van die eindgebeurtenis. Prinsipieel is daar dus geen verskil tussen die benaderingswyse van die historikus en die van enige ander wetenskaplike nie. Die probleem bly dieselfde, nl. om aan te toon hoe dinge geword het soos dit is. Ons kan egter verskillende grade van kousaliteit onderskei: die meganiese, die biologiese en die geestelik-sedelike. Die meganiese kousaliteit berus op 'n absolute gelykheid van oorsaak en gevolg (*causa aequat effectum*); die biologiese kousaliteit laat die werking bo die oorsake uitgroei deur 'n volle ontplooiing van die lewenskieme tot 'n lewende voorwerp met 'n eie struktuur; by die geestelik-sedelike kousaliteit is die verband tussen die oorsaak en gevolg los en willekeurig, dit deurbreek alle wetmatigheid. Die historikus het met al hierdie vorme van kousaliteit te doen, al drie saam vorm die historiese kousaliteit. Die geestelik-sedelike element wat daarin sit, gee aan die geskiedenis sy ingewikkelde en weerbarstige karakter. Dit is die geestelik-sedelike aspek wat eenvoudig alle pogings om die historiese gegewens onder reëls en wette te orden, bespotlik maak. Huizinga het dit as volg gestel: „Gegeven het complexe, onge-analyseerde, nergens statisch te fixeeren karakter van den stroom van het gebeuren, waarin de historie haar objecte beschouwt, kan er van streng gesloten reeksen van oorzaak en gevolg nimmer sprake

22. Carr, E. H.: *What is History?* (1962), 81.

zijn . . . Het beeld der historische kousaliteit mag nooit zijn dat van schakels die een keten vormen. Wie een historische oorzakelijkheid stelt, bindt veel eer een bos bloemen losjes samen. Elke nieuw toegevoegde notie wijzigt het aanzien van den geheelen bos."[23]

Wat die beste beeld van historiese kousaliteit ook al mag wees, vir ons doel is dit slegs belangrik om te weet dat daar 'n wydverbreide mening bestaan dat die historikus sy feite selekteer op grond van kousale belangrikheid. Hoe meer gevolge iets gehad het, hoe belangriker is dit ook as historiese verskynsel. Ons ondersoek vervolgens drie sulke uitsprake van naderby, nl. die van Meyer, Mandelbaum en Freyer.

*Eduard Meyer*

Die beroemde Duitse historikus, Eduard Meyer, stel in 1902 die vraag na die kriterium waarvolgens die historikus sy feite selekteer, of, soos hy dit uitdruk, die vraag na watter van die tallose gebeurtenisse in die verlede „historisch" is. Daarop antwoord hy dan dat dit wat „wirksam" is, of was, na sy mening histories is. Onder „wirksam" verstaan hy dit wat verreikende gevolge gehad het. 'n Gebeurtenis wat „wirksam" was, d.w.s. kwantitatief en kwalitatief groot gevolge veroorsaak het — die „Wirkungen" onderskei hulle deur „Umfang" en „Intensität" — is vir Meyer „ein historische Ereigniss". In sy bekende werk, *Geschichte des Altertums,* het hy hierdie opvatting weer eens in ander woorde herhaal: „Histories is daardie gebeurtenis in die verlede", skrywe Eduard Meyer, „waarvan die ‚Wirksamkeit' nie by die moment van sy ontstaan reeds uitgeput is nie, maar in die daaropvolgende tyd merkbaar verder werk en nuwe gebeurtenisse verwek". Die historikus kan dit wat „wirksam" is, of was, vanaf een van twee staanplekke bepaal: „Wat ‚wirksam' is ervaar ons vervolgens uit die hede deurdat ons die ‚Wirkung' direk waarneem; ons kan dit egter ook uit die verlede ervaar deurdat ons 'n bepaalde moment van die verlede as hede fingeer". Die eerste gedeelte van sy stelling is volkome juis, maar die laaste gedeelte is alleen aanvaarbaar as Meyer daarmee bedoel dat die historikus homself met sy tydsubjektiwiteit — om met Jan Romein te spreek — in 'n moment van die verlede fingeer, om van daar af die kousale werking van 'n gebeurtenis in oënskou te neem. Meyer is op die punt nie volkome duidelik nie, maar aangesien in die lig van die feit dat hy elders met groot klem daarop wys dat die hede uit geen geskiedwerk geban kan word nie, moet ons anneem dat hy dit so bedoel.

Aangesien slegs dit wat in die verlede „wirksam" was, verdien om opgeneem te word deur die geskiedeniswetenskap, verklaar Meyer dat toestande op sigself (om hulle eie ontwil) nooit objekte van die geskiedenis kan wees nie. Kunswerke, letterkundige produkte, staatsregtelike instellings, sedes, ens., mag deur die historikus nie „allseitig" geanaliseer word nie, want dan sal hy bestanddele in sy geskiedverhaal moet opneem wat geen „Wirkung" uitgeoefen het nie. Eduard Meyer verklaar ook verder

23. Huizinga, J. *Verzamelde Werken,* VII (1950), 130.

dat die biografie 'n filologiese en geen historiese genre is nie, want die objek van die biografie is die bepaalde persoonlikheid op sigself in sy totaliteit en nie as „historisch wirksamer Faktor" nie. In 'n biografie kom, volgens Meyer, kleinere besonderhede van die held se lewe aan die orde. Solank die biografie 'n lewensbeskrywing is, en nie 'n geskiedenis van die tyd waarin die held leef nie, kan dit nie as geskiedskrywing, d.w.s. die daarstelling van dit wat „wirksam" was, deurgaan nie.

Eduard Meyer het egter besef dat by 'n beperking tot die „Wirksame" die gebeurtenisse in die verlede nog oneindig veel is. Daar is veel wat „wirksam" was. En daarom moet daar 'n verdere seleksie-beginsel wees. Hierdie seleksie-beginsel verklaar Meyer, is die „historische Interesse", en die aard van hierdie „historische Interesse" word deur die *hede* bepaal. „Op die algemene gronde van hierdie ‚historische Interesse',' skrywe Meyer, „hoef ons egter nie verder in te gaan nie, aangesien dit vir ons doel volkome genoegsaam is om te weet dat dit voor hande is. Die objek daarvan kan netsowel 'n enkele mens wees as 'n groep, 'n volk, 'n staat, 'n kultuur; maar geen een van hierdie objekte interesseer slegs om sy eie ontwil, omdat dit nou eenmaal in die wêreld is of was nie, dog slegs omrede die ‚Wirkung' wat dit uitgeoefen het of nog uitoefen."[24]

Eduard Meyer selekteer dus op 'n kousale grondslag. Dit wat kousaal „wirksam" was, neem hy in sy geskiedverhaal op, maar — en dit is belangrik — hy hou ook rekening met die „historische Interesse", d.w.s. die persoonlike belangstelling, al word dit in sy teorie heeltemal op die agtergrond gedring.

*Maurice Mandelbaum*

Die Amerikaanse geskiedfilosoof, Maurice Mandelbaum, het in 1938 die standpunt van historiese seleksie op grond van oorsaaklike belangrikheid, uitvoerig verdedig. Hy wys daarop dat wanneer 'n bepaalde geskiedwerk gekritiseer word, ons dikwels sê 'n bepaalde bewering is „relevant" of „irrelevant". Wanneer ons nou sê 'n bewering is irrelevant, dan bedoel ons dat ons nie die verband kan sien wat die irrelevante bewering met die ander bewerings het nie. Daar bestaan dus 'n logiese verband tussen twee opeenvolgende bewerings. Mandelbaum stel dit soos volg: „Een feit is relevant vir 'n ander wanneer hulle samehang sodanig is dat die intellek die tweede feit nie kan verstaan sonder 'n begrip van die eerste nie." So kan ons bv. die feit dat water vries, nie verstaan sonder om die feite van temperatuur en druk in ag te neem nie. Aan die anderkant kan ons die verskynsel van elektrone verstaan, sonder om die verskynsel van menslike vryheid daarmee te verbind, net soos wat ons die verloop van die Franse Rewolusie kan verstaan sonder Newton se swaartekragwette. In die laaste twee gevalle het ons met irrelevante feite te doen gehad. Mandelbaum voer sy betoog dan een stap verder en verklaar dat die verskynsel dat een feit relevant is vir 'n ander, m.a.w. die onderlinge relevansie

24. Meyer, E.: *Zur Theorie und Methodik der Geschichte* (1902), 36-8, 45, 55-6; *Geschichte des Altertums*, I, 1 (1910), 188.

tussen feite, op 'n kousale samehang berus, want „the concepts of causation and of relevance cannot be divorced from each other." Feit A is dus relevant vir feit B wanneer daar 'n oorsaaklike, of kousale verband tussen A en B is. In die kousale samehang is daar 'n sekere gedetermineerdheid. Die samehang tussen oorsaak en gevolg is 'n samehang van „existential dependance". Wanneer 'n historikus bv. besluit om 'n geskiedenis van die Volkebond te skryf, is die „unifying strand of his account" reeds daarmee gegee. Die historikus selekteer nie sy feite willekeurig nie. Daar is sekere gebeurtenisse wat in 'n relevante (d.w.s. kousale) relasie tot die Volkebond se ontstaan, funksionering en ontbinding staan, en die gebeurtenisse móét eenvoudig geselekteer word. Die Corfu-insident en die Mantsjoeryevraagstuk, móét eenvoudig in so 'n geskiedenis van die Volkebond opgeneem word. „Hierdie gebeurtenisse", skryf Mandelbaum, „is ingebed in daardie geskiedenis, en geen konkrete, historiese beskrywing van die Volkebond kan dit verontagsaam nie."[25]

Die historikus kan dus nie maar sommer enige feite selekteer nie. Hy kan slegs feite selekteer wat op 'n kousale samehang berus. Alleen sulke feite is relevant en belangrik vir sy onderwerp.

*Hans Freyer*

Die Duitse sosioloog en kultuurfilosoof, Hans Freyer, het in 1948 die teorie van historiese seleksie volgens die kousale beginsel op sy manier uiteengesit. Aanknopende by Wilhelm Dilthey se geliefde term „Wirkungzusamenhang" en by Yorck von Wartenburg se opvatting van die geskiedenis as 'n „Kräftekonnex", sien Freyer die historiese of die belangrike in die verlede in „Entscheidungen die verbindlich sind". Daarmee bedoel hy vrye wilsbeslissinge — wat uit die toestande waaruit dit ontstaan het alleen nie verklaar kan word nie — wat toestande in die lewe roep wat vir alle toekomstige beslissinge bindend is en as uitgangspunt dien. „Entscheidungen" wat nie verbind nie, d.w.s. geen gevolge het nie, is nie histories nie: „Hulle gaan langs die geskiedenis verby, nie daar in nie. Daar het in hulle niks gebeur nie." Watter beslissinge nou „wirksam" was, in hoe 'n wye kring, hoe lank, en met watter krag dit gewerk het — hierdie vrae, verklaar Freyer, kan slegs uit 'n studie van die geskiedenis beantwoord word. Die geskiedenis-as-werklikheid gebeur, en as gebeure moet dit deur die geskiedenis-as-wetenskap aangegryp word. Die sleutelpunte, die belangrike, moet dus daar gesoek word waar iets beslissends gebeur, „wo Entscheidungen fielen, Ziele aufgingen, Wege eingeschlagen wurden, Situationen sich schürzten und gemeistert wurden, Kräfte sich von fernher trafen und zum ‚Kräftekonnex' verflochten".[26]

25. Mandelbaum, M.: *The Problem of Historical Knowledge* (1938), 206, 210, 213, 224, 260-1. Mandelbaum is daarop uit om die objektiwiteit van historiese kennis aan te toon, en daarom lê hy so klem op 'n seleksie volgens die kousale prinsipe. Iedereen wat aan die moontlikheid van objektiewe historiese kennis glo, aldus Mandelbaum, „must at one point or another, seek to justify the historian's selection of facts on the basis of causal relationships." (260).

26. Freyer, H.: *Weltgeschichte Europas*, I (1948), 51-2, 111, 154.

Volgens Freyer selekteer die historikus dus op 'n kousale basis. Geskiedenis is vir hom aksie, beweging, aaneenskakeling. En in hierdie aspek van sy geskiedbeskouing is daar dus geen verskil met Eduard Meyer en Maurice Mandelbaum nie. Maar hier hou dit ook op, want in die „Entscheidungs"-begrip waarmee Freyer werk, sit altoos iets subjektiefs,[27] wat hom, in teenstelling met Meyer en Mandelbaum, na die subjektiewe laat oorhel.

*Samevatting*

Teenstanders van die opvatting dat die historikus sy feite op 'n kousale grondslag selekteer, het dit veral teen Eduard Meyer gehad, want afgesien van die feit dat Meyer reeds in 1902 sy „Wirksamkeit"-gedagte geformuleer het, het sy faam as historikus gemaak dat daar van hom notisie geneem moes word. Onder Meyer se vele kritici neem Max Weber seker een van die belangrikste plekke in. In 'n opstel van 1905, met die titel *Zur Auseinandersetzung mit Eduard Meyer*, het ook hierdie briljante gees sy fenomenale kritiese vermoë op die netelige probleem van historiese seleksie beproef. Eduard Meyer se onderskeiding tussen die biografie en die geskiedverhaal, waarvolgens hy die biografie enige aanspraak om onder die vlag van die geskiedenis-wetenskap te vaar, ontsê, word deur Max Weber tereg van die hand gewys. Meyer se sienswyse dat die persoon in sy totaliteit beskrywe word, d.w.s. met vermelding van allere kleinere, nie-„wirksame" aspekte, terwyl in die geskiedverhaal slegs dit wat „wirksam" was, opgeneem word, is onjuis. In 'n goeie wetenskaplike biografie word nie maar slegs besonderhede voor die voet vermeld nie, maar slegs dit wat, soos Max Weber verkies om dit te noem in onderskeid van Eduard Meyer se „wirksam", „bedeutungsvoll" is. En met hierdie afwysing van die term „wirksam" deur Weber, is ons terselfdertyd by die kern van sy kritiek op die teorie van seleksie volgens kousale werking.

Die vertolking van die term „wirksam" as slegs dit wat kousale betekenis gehad het, en 'n seleksie daarvolgens, stel vir Max Weber nie tevrede nie. Onder „wirksam" wil Weber meer verstaan as slegs kousale werking. Hy wil daaronder verstaan dat „ook die karakteristieke waardes van die Oudheid *self* vir die seleksie van die feite en die gang van die geskiedwerk rigtinggewend is". Hy beklemtoon dat die „Eigenwerts" van 'n kultuur met die „Wirksamkeit" van 'n kultuur niks te doen het nie. En in 'n logiese betoog wat hy langsaam en uitvoerig bou, ondergrawe hy Eduard Meyer se teoretiese besinning en lê sekere „Unklarheiten und Widersprüche" daarin bloot. Hy wys daarop dat Eduard Meyer se teoretiese

27. In die „Entscheidung" sit 'n element van „Unvernunft", en die toeval verkry hier positiewe betekenis. Die refleksie en objektiwiteit word verwaarloos en *een* van die moontlikhede word gekies. Tipies van die eksistensiële „Entscheidung" is dat dit van die inhoud van die erkende waardes heeltemal afsien en van waardes glad nie praat nie, dog slegs van die situasie en in die situasie slegs die plotselinge, suiwere daad van beslissing beklemtoon. Die „Entscheidungs"-idee is veral deur die nasionaal-sosialisme in Duitsland opgeneem en gevulgariseer.

uitsprake nie ooreenstem met wat hy in die praktyk in sy groot werk, die *Geschichte des Altertums*, gedoen het nie. As Meyer slegs dit wat vanaf die Oudheid tot in die hede kousaal „wirksam" gebly het, in sy geskiedverhaal opgeneem het, sou sy werk 'n mislukking gewees het. „Eduard Meyer se werk sou erg ineenkrimp", skrywe Max Weber, „as hy dit ernstig bedoel het, en vele sou juis dit wat hulle in 'n geskiedenis van die Oudheid verwag, nie daarin vind nie". As Meyer homself in 'n moment van die verlede fingeer en dan dit wat op daardie moment kousaal „wirksam" was in sy geskiedverhaal betrek, is Max Weber se beswaar nog dieselfde. As die gefingeerde moment of uitsigpunt by 'n geskiedenis van die Oudheid bv. as die regeringstyd van Diokletianus geneem word, sal dit beteken dat by 'n beskrywing van die Griekse kultuur in die tyd van Perikles alles weggelaat moet word wat tydens die gefingeerde moment nie meer „Wirkung" uitgeoefen het nie. En dit is, volgens Weber, 'n ontsagtelike groot deel van dit wat die geskiedenis van die Oudheid waardevol maak. Max Weber se standpunt is dus duidelik: Die historikus selekteer sy feite nie op grond van 'n kousale relasie nie, maar op 'n waarde-relasie of 'n waardegrondslag. Ons aan waardes georiënteerde belangstelling, en nie slegs die oorsaaklike betrekking van ons kultuur tot die Helleense, bepaal wat vir 'n geskiedenis van die Helleense kultuur belangrik is.[28]

Die besware wat R. G. Collingwood teen 'n seleksie op 'n kousale grondslag het, kom op dieselfde neer. Vir hom is Meyer se teorie „a relic . . . of the positivistic spirit" en om die rede verwerplik. As die historiese belangstelling van Spinoza daarin lê dat hy die Duitse Romantici beïnvloed het, waarin lê dan die historiese belangrikheid van die Duitse Romantici? As ons ons ondersoek op die lyn volhou, aldus Collingwood, dan sal ons uiteindelik die hede bereik en konkludeer dat die historiese belangrikheid van Spinoza, sy belangrikheid vir ons híér en nóú is.[29] Met ander woorde, die belangrikheid van Spinoza is geleë in die lewenswaarde of kultuurwaarde wat hy vir ons het.

Wat beteken dit as ons sê dat iets besonder „wirksam" was in die verlede? Dit kan slegs beteken dat iets ons psigiese lewe, ons sielelewe, kragtig beïnvloed het. Sulke werkinge laat hulle nou eenmaal nie met 'n maatband meet nie. En so is ons, by 'n oorweging van wat in die

28. Weber, M.: *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftlehre* (1922), 240, 260, 255-6, 259. Max Weber se kritiek op Eduard Meyer is egter nie deurgaans suiwer nie. Soos Rickert maak ook Weber 'n onderskeiding tussen primêre en sekondêre individue en hy verwyt dan vir Eduard Meyer dat so 'n onderskeiding by hom ontbreek. Die seleksie van primêre individue is, volgens Max Weber, subjektief (die seleksie daarvan is afhanklik van persoonlike waarde-idees), maar die sekondêre individue, d.w.s. die oorsake, is objektief en 'n algemeen geldige kennis (omdat die seleksie daarvan nie afhanklik is van persoonlike waarde-idees nie). Op grond van hierdie opvatting kritiseer Weber dan Eduard Meyer se uitspraak dat ons nooit tot 'n „absoluten und unbedingt gültigen" kennis van historiese gebeurtenisse kan kom nie, as gedeeltelik onjuis, want ons kan, so verklaar Max Weber, wel tot 'n algemeen geldige kennis van die oorsake, d.w.s. die sekondêre individue, kom.(!) (261).

verlede besonder „wirksam" was, en wat nie, tog ook op ons beskouing van die wêreld en die mense aangewese om te besluit watter momente in die menslike sielelewe die belangrikste is. Daar is sekerlik geen historikus wat hom slegs deur 'n blote kwantitatiewe betragting van dit wat „wirksam" was, laat lei nie. Soiets is ook onmoontlik, want die subjek van die historikus is nie volkome uitskakelbaar nie. Ons kan dus konkludeer dat die teorie van Meyer, Mandelbaum en Freyer dat die historikus sy feite op 'n kousale grondslag selekteer, te eensydig is.

## III

„Ons beskou 'n ding as belangrik", sê H. A. Hodges, „as dit die verkryging of behoud van dit wat ons as waardevol beskou, affekteer."[30] Dit is sekerlik waar, maar wat beskou ons nou as waardevol? Wat het nou eintlik waarde vir ons? Om die wese van waardes te bepaal is die onbenydenswaardige taak van die filisofie. Dog ook die nie-filosoof sal, by 'n oomblik van nadenke, daarvan bewus wees dat daar sekere waardes in die lewe is, of ons dit noual lewenswaardes of kultuurwaardes noem, wat aan ons eie lewens inhoud, lering, rigting en doel gee. Die godsdiens en die kuns, aldus Friedrich Meinecke, is die hoogste lewens- of kultuurwaardes.[31] So is ook die filosofie, die wetenskap, die staat, die reg, ens., waardes. Meinecke, soos Ernst Troelsch, onderskei tussen die laere, meer dierlike lewenswaardes, wat vir die historikus slegs as kousaliteite in betragting kom, en hoëre, geestelike lewens- of kultuurwaardes. Hier tussenin onderskei Meinecke dan ook nog 'n derde waardegebied wat hy met die naam „Zivilisation" van die hoëre „Kultur" onderskei. In hierdie midde-gebied is die intellek meer op dit wat nuttig is, gerig. Die tegniese uitvindings hoort hieronder. As uitvindings en prestasies, behoort hulle ook tot die kultuurprestasies, maar mens kan hulle ook biologies verklaar met dit wat mens aanpassing noem. Tot hierdie midde-terrein reken Meinecke ook die staat.

Hoe die waardes ookal onderling onderskei word, vir ons doel is dit voldoende om te weet dat daar lewenswaardes bestaan en dat mens sy lewe daarna rig. Van groter belang is dit vir ons om te weet dat ons in die studie van die verlede, voortdurend op die lewenswaardes stoot. En wat meer is, ons probeer uit die verlede, lering vir ons eie lewe trek. Of hierdie lering noual van 'n meer nuttige, praktiese, vitale aard is en ons in staat stel om beter in te gryp in die aktiewe lewe, en of dit van 'n meer bo-tydelike, kontemplatiewe aard is, dit verander niks aan die saak nie. Die mens wil, wanneer hy hom met die verlede besig hou, nie slegs sien hoe dinge geword het nie. Aan die groot persoonlikhede en groot dade van vroeë tye wil die mens hom ook „erheben und begeistern", soos

29. Collingwood, R. G.: *The Idea of History* (1946), 179.
30. Hodges, H. A.: *Wilhelm Dilthey: An Introduction* (1944), 81.
31. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 85.
32. Maier, H.: *Das geschichtliche Erkennen* (1914), 34.

Heinrich Maier dit uitgedruk het."[32] Die inspireerende invloed van hierdie persone spreek ook tot hom wat die kousale „Wirksamkeit" van die persone buite rekening laat. Wie lees trouens die *Ilias,* vir Hamlet of Faust slegs van 'n literatuurhistoriese gesigspunt? Wie bekyk 'n skildery van Raphael of Rembrandt slegs met die oë van die kuns-historikus? Vir wie is die Lukasevangelie of die Bergpredikasie slegs godsdienshistoriese dokumente? Daar is nie aan te twyfel dat ons oneindig armer sal wees as die geskiedenis as 'n bron van lewenswaardes ons ontsê word, wanneer ons verbied sou word om die skatte van wysheid, ervaring en menslikheid wat in die geskiedenis lê, vir die hede nuttig te maak.

Die behoefte na lering en verryking van die eie lewe, het die mens deur die eeu na die geskiedenis gedryf. Alle geskiedskrywing deur die eeue, is dan ook geskryf om nuttig te wees. Die Siriër, Lukian (ongeveer 120-180) het reeds geskryf: „Die geskiedenis het net een doel, en dit is om deur die waarheid nuttig te wees."[33] En in die moderne tyd verseker Friedrich Meinecke ons weer: „Om lering, voorbeeld en waarskuwing uit die geskiedenis te neem, behoort nou eenmaal tot die nie-ophefbare grondmotiewe wat van oudsher af tot die geskiedskrywing gevoer het."[34] Huizinga, en vele ander na hom, het daarop gewys dat Ernst Bernheim met sy indeling van die historiografie in verhalende, pragmatiese en genetiese geskiedskrywing, die posisie eerder verduister as verhelder het. Daar is sekerlik in elke geskiedskrywing iets pragmaties, iets leersaam, iets nuttigs, iets wat op lewenswaardes gerig is. Die oue spreuk, *historiae vitae magistra,* het nie vandag meer die naïewe, skoolse betekenis van vroeër nie, en die geskiedenis dien ons nie meer as 'n arsenaal van leringe en voorbeelde nie. Ons muse is nie meer soos 'n skooljuffrou wat les gee nie, maar „ik zie haar", skryf Huizinga, „veeleer stil en ernstig de bloemen vergaren van de asphodelos-weide, in het land der schimmen."[35] Dat die leersame, die pragmatiese, die nuttige, in die wetenskaplike geskiedskrywing nie meer openlik aan iedereen opgedring word nie, verander dus nog nie die geskiedskrywing in sy kern nie. Die historie deel nog steeds sin mee, dit gee nog insig, dit leer nog, dit maak nog wyser, dit het nog waarde.

Ons let in die verlede op dit wat vir ons waarde het. „Mens moet in die geskiedenis net dit bestudeer", skryf Voltaire, „wat die aandag van alle tye verdien, wat die gees en sedes van die mens bloot lê, wat leersaam is en liefde vir die deug, die kuns, en die vaderland opwek."[36] Voltaire bedoel dus hier dat die oog gehou moet word op die kultuurwaardes in die verlede. Die historikus moet dit selekteer wat waarde vir die lewe en die kultuur het. Dit is o.a. ook die mening van Rickert, Weber en Collingwood.

33. Wagner, F.: *Geschichtswissenschaft* (1951), 35.
34. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 83.
35. Huizinga, J.: *Verzamelde Werken,* VII (1950), 155-6.
36. Wagner, F.: *Geschichtswissenschaft* (1951), 87.

*Heinrich Rickert*

Die Duitse filosoof, Heinrich Rickert, het in die begin van hierdie eeu die teorie dat die historikus feite uit die verlede selekteer wat betekens vir kultuurwaardes het, uitvoerig en skerpsinnig verdedig. Volgens Rickert, neem die historikus in sy geskiedverhaal, dit op wat verband het met bepaalde kultuurwaardes soos die godsdiens, die staat, die wetenskap, die kuns, die ekonomie, die reg, ens. Hierdie kultuurwaardes het geen empiriese bestaan nie, aldus Rickert, maar hulle geld, want ons moet die dinge daarvolgens beoordeel. Om die objektiwiteit van historiese kennis te verseker, wys Rickert hier met groot nadruk daarop dat die historikus se seleksie-prosedure een is van 'n betrekking op waardes („Wertbeziehung") en geen waardering („Wertung") nie. Die historikus waardeer of beoordeel die objekte van sy studie nie, maar hy onderskei hulle in belangrik en onbelangrik sonder dat hy 'n positiewe of 'n negatiewe waarde-oordeel — d.w.s. 'n subjektiewe oordeel — hoef te vel.[37] Die waarde-sisteem van Rickert, is deur hom as iets tydloos en algemeengeldigs beskou. Die waardes wat hy in die oog het, is ideale, absolute waardes.[38]

Rickert se opvatting, dat die historikus sy gegewens selekteer op grond van algemene kultuurwaardes, het aan sy teorie 'n vae en formele kleur gegee, en veral van die kant van Ernst Troeltsch het daar grondige kritiek op hierdie „formale" en „äusserliche" teorie gekom. Rickert het ingesien dat die kritiek nie sonder grond was nie, en dat die historikus in die praktyk nie sulke algemene maatstawwe soos die staat, die godsdiens, die kuns, ens. in die oog het nie, maar 'n staatsman beoordeel op die betekenis wat hy vir sy bepaalde staat gehad het. Vanaf die derde uitgawe van sy *Grenzen der naturwissenschaflichen Begriffsbildung*, in 1921, het hy gevolglik hierdie kritiek probeer neutraliseer deur spesiale aandag aan die probleem te gee in hoofstuk IV, 9. Rickert kom hier met meer besondere seleksie-kriteria wat hy „irreale Sinngebilde" noem. Dit is met hierdie „irreale Sinngebilde" of besondere seleksie-kriteria, „hierdie besondere staat", in plaas van die algemene kultuurwaarde, „staat", wat die historikus te doen het. Volgens Rickert „haften" hierdie „irreale Sinngebilde" hulle aan die reële historiese gebeure of „Kultuurwirklichkeiten".[39] In teenstelling tot die algemene kultuurwaardes — „die als Auswahlprinzipien die geschichtliche Darstellung leiten" — is hierdie „irreale Sinngebilde" deurgaans „besonders und individuell gestaltet".

37. Iets wat natuurlik onmoontlik is. Rickert wou daardeur die subjektief-bepaalde seleksie van die historikus 'n objektiewe en wetenskaplike basis gee.
38. Vir denkers wat deurdrenk was met die gees van die historisme, soos Meinecke en Troeltsch, was Rickert se opvatting van 'n transsendente waarde-sisteem en tydlose, absoluut-geldige waardes ondenkbaar. Troeltsch het dan ook Rickert se transsendente waarde-sisteem vervang met sy leer van „Wertrelativität".
39. 'n Opvatting wat deur Meineke en Troeltsch verwerp is. „Kulturwerte", skrywe Meinecke, „,haften' nicht nur, wie Rickert meint, an historischen Wirklichkeiten, ohne selbst Wirklichkeiten zu sein, sondern sind ein integrierender Faktor historischer Wirklichkeiten". *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 76 n.

Hierdie „irreale Sinngebilde" kan egter slegs begryp word met verwysing na die algemene kultuurwaardes, want die besondere staat sou nie sy besondere aard gehad het nie as dit nie was vir die algemene of universele kultuurwaarde „staat" nie. Op hierdie wyse is Rickert instaat om vol te hou dat die historikus selekteer op grond van algemene en universele waardes, en tog nie die konkreetheid van die geskiedenis prys gee nie.

Die vraag ontstaan egter nou: Doen die historikus nie ook meer nie as om uit die groot massa van gegewens waaroor hy beskik, slegs dit te selekteer wat hy, hetsy direk deur die algemene waardes of indirek via die „irreale Sinngebilde", vir kultuurwaardes belangrik ag? Moet die historikus nie ook die ontstaan en wording van die verskynsels wat hy geselekteer het, beskrywe nie? Hierdie vraag na die veroorsaking of kousaliteit in die geskiedenis kon Rickert tog nie ignoreer nie. Hy gee daar rekenskap van deur te verklaar dat die historikus in sy verhaal ook onbelangrike dinge — d.w.s. dinge van geen belang vir kultuurwaardes nie — moet opneem, as die ontstaan van die belangrike dinge — d.w.s. belangrik vir kultuurwaardes — daardeur verklaar kan word. Dit het vir Rickert tot sy onderskeiding tussen primêre historiese individue en sekondêre historiese individue gebring. Die primêre individue staan in direkte verband tot die bepaalde kultuurwaarde (godsdiens of kuns of politiek of wat ook al) en die sekondêre individue staan in indirekte verband tot die bepaalde kultuurwaarde, d.w.s. net insoverre dit die primêre individu veroorsaak het. So is die Duitse digter, Schiller, in 'n geskiedenis van die letterkunde 'n primêre individu, terwyl sy vader 'n sekondêre individu is — d.w.s. 'n persoon wat ons glad nie sou geïnteresseer het nie as hy nie die vader van Schiller was nie. Soms kan een en dieselfde persoon om die beurt 'n primêre en sekondêre individu wees: Friedrich Wilhelm I is in die geskiedenis van die Pruisiese staat 'n primêre individu, maar in die geskiedenis van die filosofie weer 'n sekondêre individu deurdat hy die lotgevalle van Christian Wolff beïnvloed het. Dit hang dus net af vanuit watter waarde-oogpunt die betrokke individu gesien word. „Van weinige individue," skrywe Rickert, „kan mens sê dat hulle onder iedere gesigspunt, van vele daarenteen dat hulle onder geen gesigspunt, 'n primêre historiese betekenis het."

Rickert het dus in sy teorie oor die wyse waarop die historikus sy gegewens selekteer, die kousaliteit ook opgeneem, al staan dit duidelik op die tweede plek. Slegs wanneer die teoretiese waarde-betrekking as iets vanselfsprekends veronderstel word, het dit, volgens Rickert, 'n sin om te sê dat die historikus ook dit in sy verhaal moet opneem wat „Wirkungen" uitgeoefen het.

Die teorie van Rickert, soos hy dit tot op hierdie punt ontwikkel het, kom dus daarop neer dat die historikus vir sy geskiedverhaal in die eerste instansie dit selekteer wat 'n betekenis vir 'n bepaalde kultuurwaarde het, en dan gaan hy vervolgens van hierdie primêre individue wat hy geselekteer het, die oorsake vasstel. Die oorsake noem Rickert sekondêre individue,

en hulle word alleenlik in die geskiedverhaal opgeneem omdat hulle die primêre individue veroorsaak het. Rickert het egter ingesien dat hy hiermee nog geen voldoende verduideliking van die wyse waarop die historikus selekteer, gegee het nie. 'n Geskiedwerk wat op so 'n wyse saamgestel is, sal bestaan uit 'n primêre individu of 'n aantal primêre individue waarvan slegs die oorsake — sekondêre individue — aangetoon is, maar van werklike kontinuïteit sal daar geen sprake wees nie. So sal 'n geskiedwerk wat handel oor die Industriële Rewolusie bestaan uit 'n aantal uitvindings — die primêre individue — en 'n beskrywing van die oorsake vir die uitvindings — die sekondêre individue. Van kontinuïteit en eenheid is daar nie sprake nie. Rickert het hierdie moeilikheid oorkom deur te verklaar dat die historikus nog verdere materiaal, deur hom „sekundär historische Fakta" genoem, in sy geskiedverhaal moet opneem ten einde die sekondêre individue in die dwarste ook kousaal aanmekaar te verbind en ook die kousale ketting in die lengte verder na te spoor. Hier begin Rickert egter vaag en ontwykend raak. Raar is volgens hom geen reëls aan te gee hoeveel van die ekstra materiaal die historikus moet opneem nie. „Ons kan", skrywe hy, „met betrekking tot die prinsipe van seleksie van hierdie sekondêre historiese stof (dit is die „sekundär historische Fakta") . . . niks anders sê nie, as dat die historikus elke feit wat daartoe bydra om die verlede as werklikheid te laat herleef, in sy geskiedverhaal moet opneem." Rickert vind hierdie essensiële aspek van die seleksie-proses nie belangrik nie, en bestempel dit as „Vor-oder Nebengeschichte".[40]

*Max Weber*

Die Duitse sosioloog en historikus, Max Weber, het hom in die eerste dekade van hierdie eeu ook met die probleem van historiese seleksie besig gehou. Hy stel sy standpunt soos volg: „Wanneer ons van die historikus as basiese voorvereistes verlang dat hy die belangrike van die onbelangrike kan onderskei, en dat hy vir hierdie onderskeiding die vereiste gesigspunte het, beteken dit eenvoudig dat hy moet verstaan om die verskynsels van die werklikheid — bewus of onbewus — op universele kultuurwaardes te betrek en dienooreenkomstig die samehang uit te lig wat vir ons belangrik is." Wanneer ons steeds die opvatting teëkom, betoog Weber verder, dat wat belangrik en onbelangrik is, aan die stof self ontleen kan word, is dit niks anders as die naïewe selfbedrog van 'n vakgeleerde wat nie besef dat hy met die waarde-opvatting waarmee hy onbewus die stof benader het, 'n klein gedeelte uit die onmeetlike grote geselekteer het.

Max Weber wys nadruklik daarop dat as hy verklaar dat ons waarde-opvatting ons seleksie bepaal, dit nie beteken dat slegs *waardevolle* verskynsels kultuurbelangrikheid het nie. Die prostitusie is net sowel 'n kultuurverskynsel as die godsdiens en dit kan dus ook deur die historikus geselekteer word as sy waarde-opvatting dit as belangrik (positief of

40. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftlichen Begriffsbildung* (1929), 534, 536, 322, xiv, 538-9, 537, 553-4, 432-7.

negatief) beskou. As die historikus geen waarde-opvattings het nie, is daar geen seleksie moontlik nie, en dus ook geen sinvolle kennis van die werklikheid nie. Die persoonlike geloof van die historikus, „die Farbenbrechung der Werte im Spiegel seiner Seele", toon aan hom die gegewens wat hy moet selekteer. „En die waardes, waarop die wetenskaplike die objekte van sy vorsing betrek, bepaal die opvatting van 'n ganse epog, d.w.s. dit is beslissend nie net vir dit wat as waardevol geld nie, maar ook vir dit wat belangrik of onbelangrik, wigtig of onwigting aan die verskynsels is."[41]

*R. G. Collingwood*

Die Engelse filosoof, R. G. Collingwood, is van mening dat iets belangrik is in die geskiedenis as gevolg van die feit „that *we* can study it, reconstruct it in our own minds, and thus appreciate its . . . value". Collingwood, wat die siening van die geskiedenis „as a story of successive events or a spectacle of changes" as 'n volkome „false view" beskou, ontken dat kousale werking 'n verskynsel histories belangrik kan maak. Hy kom dan met sy voorbeeld van Spinoza, wie se filosofie, volgens Collingwood, vir 'n lang tyd sonder enige invloed was, totdat die mense in die 18de eeu meteens daarvan bewus geword het en dit hulle opvattings begin beïnvloed het. In die 18de eeu het dit dus meteens begin „wirksam" word. (Ons neem argumentshalwe aan dat Collingwood se stelling, dat Spinoza 'n tydlank sonder invloed was, juis is.) Volgens Eduard Meyer se siening, verklaar Collingwood, het Spinoza se filosofie nou van 'n „non-historical fact" in 'n „historical fact" verander. Dit was „non-historical" vir die historikus wat in die 17de eeu gelewe het, maar „historical" vir die historikus wat in die 18de eeu gelewe het.[42] So 'n sienswyse, verklaar Collingwood, is vals — dit is „a quite arbitrary and perverse distinction". Ook vir die historikus van die 17de eeu was Spinoza „a highly interesting phenomenon", omrede sy filosofie in sigself „a noteworthy achievement of the seventeenth-century mind" was. Wat die filosofie van Spinoza 'n onderwerp van historiese studie maak, verklaar Collingwood, is nie dat dit invloed uitgeoefen het op Novalis of Hegel nie, „maar die feit dat *ons* dit kan bestudeer, dit in ons eie verstand kan rekonstrueer, en dus die filosofiese waarde daarvan kan waardeer."[43]

41. Weber, M.: *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre* (1922), 175-182.
42. Dit is nie duidelik wat Collingwood met „historian of the seventeenth century" en „historian of the eighteenth century" bedoel nie. Ek aanvaar hy bedoel daarmee „'n historikus lewende in die 17de of 18de eeu". Sou Collingwood egter daarmee bedoel „'n historikus in die hede wat die 17de of 18de eeu bestudeer", dan is my uiteensetting natuurlik ongeldig, maar dan is Collingwood se kritiek op Eduard Meyer in 'n ander sin ook ongeldig. In die sin dat Eduard Meyer nooit gesê het dat die historikus wat in die hede, die 20ste eeu, lewe, by 'n studie van Spinoza en sy filosofie die 17de eeu, die eeu waarin Spinoza gelewe en gewerk het, moet ignoreer omdat Spinoza eers in die 18de eeu begin „wirksam" word het.
43. Collingwood, R. G.: *The Idea of History* (1951), 179-80.

*Samevatting*

Hoe voortreflik die logika van Rickert se teorie ookal mag wees, dit val nie te betwyfel dat daar 'n sekere vaagheid en 'n filosofiese abstraktheid aanwesig is, wat moeilik met die konkrete geskiedskrywing verbind kan word. Alfred Dove het sekerlik nie heeltemal sonder rede met wantroue en argwaan van die „aalartige Schlüpfrigkeit" van Heinrich Rickert se kultuurwaardes gepraat nie.[44] Heinrich Maier verklaar dat Rickert se „unbedingten Werte" as seleksie-kriteria glad nie deug nie. As ons feite wat tot die staat, tot die reg, tot die ekonomie, tot die godsdiens, tot die kuns, tot die wetenskap, ens., behoort, selekteer, dan is dit nog altyd 'n magdom materiaal wat die seleksie-probleem nog steeds onopgelos laat.[45]

Daar is historiese onderwerpe, aldus Mandelbaum, wat nie onder slegs een van Rickert se waarde-kategorieë tuisgebring kan word nie. Waar moet 'n onderwerp soos *Die Geskiedenis van Vakbondwese* tuisgebring word, onder politieke of ekonomiese waardes? Die belangrikheid van die vakbondwese vir òf politieke òf ekonomiese waardes kan eers vasgestel word nadat ons die geskiedenis van die beweging ken. Dit kan nie — soos wat deur Rickert aangevoer word — andersom gebeur nie.[46]

Watter formele detailkritiek daar ookal teen Rickert uitgebring kan word, vir ons gaan dit hoofsaaklik om die vraag of 'n seleksie-prosedure, wat alleenlik waardes in die oog het, die historikus se wyse van seleksie genoegsaam verklaar. En dan is ons van mening dat dit nie die geval is nie. Dat iets in die verlede vir ons kultuurwaarde het, maak dit nog nie histories belangrik nie. Collingwood se betoog, wat veel minder indrukwekkend as die van Rickert en Weber aandoen, bewys dan ook niks nie. Die feit dat Spinoza se filosofie vir die historikus van die 17de eeu geen belangrike historiese verskynsel was nie, suiwer omdat dit geen invloed uitgeoefen het nie, omdat dit nie „wirksam" was nie, omdat niemand dit as waardevol en dus belangrik beskou het nie — hierdie feit kan nie weggeredeneer word nie. Eers in die 18de eeu het Spinoza se filosofie invloed begin uitoefen, het dit „wirksam" begin word, het persone dit as waardevol en dus belangrik begin beskou, en eers toe, in die 18de eeu, word Spinoza en sy filosofie vir die historikus 'n belangrike historiese verskynsel. En dan, in die 18de eeu, begin die historikus vir Spinoza in sy gesigsveld trek.

Wat in die verlede nie „wirksam" was nie, kan nie histories belangrik wees nie. Friedrich Meinecke het in sy poging om aan te toon dat die „Wesentliche" in die geskiedenis nie net „Kausalitäten", maar ook „Lebenswerte" omvat en insluit, die voorbeeld genoem van die ontdekking van 'n onbekende werk wat van besondere geestelike krag en diepgang getuig, maar kousaal nie die minste invloed gehad het nie, omdat

44. Dove, A.: *Ausgewählte Aufsätze und Briefe*, II, (1925), 279.
45. Maier, H.: *Das geschichtliche Erkennen* (1914), 16-7.
46. Mandelbaum, M.: *The Problem of Historical Knowledge* (1938), 143-5.

dit, om een of ander rede, totaal onbekend gebly het.[47] Hierdie werk kan 'n mens nou, volgens Meinecke, tog nie as histories onwesentlik gaan bestempel nie net omdat dit geen spore nagelaat het in die verlede nie. Ons glo egter dat 'n mens dit kan doen. 'n Boek vol mooi en diepsinnige gedagtes, is nog sekerlik nie 'n boek vol histories belangrike gedagtes nie. As daardie boek geen invloed uitgeoefen het nie, as dit nie „wirksam" was nie, dan is dit vir die historikus nie belangrik nie. Die letterkundige — ons veronderstel Meinecke se boek is 'n bundel gedigte — kan die inhoud van die boek as die beste bestempel in die ganse wêreld-letterkunde, maar die historikus staan daarteenoor, as dit nie „wirksam" was nie, ongeïnteresseerd. As histories beskou ons, volgens C. Sigwart, slegs die gebeurtenisse „waaraan ons 'n voortwerking kan toeskrywe".[48] Ook Heinrich Maier is hierdie mening toegedaan: „Die opsigself grote", skrywe hy, „is, insoverre dit nie ‚gewirkt hat' of ‚wirkt' nóg histories belangrik nóg histories".[49]

Om dus te sê dat die historikus sy feite selekteer op grond van sekere lewenswaardes wat die feite het, is nie die volle waarheid nie.

## IV

Van die historiese seleksie-probleem kan mens amper sê wat Jan Romein van die vraagstuk van die historiese wette sê: Dit is „misrabel moeilijk".[50] 'n Seleksie-teorie wat alleenlik op 'n kousale grondslag berus, bevredig nie, en netso bevredig ook 'n seleksie-teorie wat uitsluitlik op 'n waarde-grondslag berus nie. Die ideale teorie skyn dus een te wees waar met beide waarde en kousaliteit rekening gehou word. Die probleem is egter hoe om die waarde-aspek en die kousale-aspek agtermekaar te span. Die verskillende teorieë wat ons ondersoek het, verwaarloos almal die een aspek ten koste van die ander, en dit wil vir ons lyk of die agtermekaar span van die twee aspekte dan ook onmoontlik is. Die behoefte vir kousale-kennis en waarde-kennis staan langsmekaar. Kousaliteite en waardes is, soos die groot Duitse historikus, Friedrick Meinecke, dit stel, „onlosmaaklik met mekaar vervleg in die historiese belangstelling".[51] Logies is die twee aspekte, kousaliteit en waarde, onverenigbaar, maar in die geskiedkundige werklikheid heers harmonie.

Ons kan dus nou konstateer dat ons nie kan ontkom aan 'n dualistiese beskouing van wat belangrik is in die verlede nie: 'n waarde-element én 'n kousale-element sit daarin. Bowendien meen ons dat ons ondersoek ook die volgende twee resultate opgelewer het: eerstens dat die waardes 'n subjektiewe element bevat, terwyl die kousaliteite 'n objektiewe element bevat; tweedens dat die waardes staties is, terwyl die kousaliteite dinamies is. Hierdie onderskeidings vereis nou nadere toeligting.

47. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 67.
48. Sigwart, C.: *Logik*, II (1904), 618.
49. Maier, H.: *Das geschichtliche Erkennen* (1914), 34.
50. Romein, J.: *Tussen Vrees en Vrijheid* (1950), 60.
51. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 71.

In 'n seleksie-teorie waar alle klem op die „Wirksamkeit", in die sin van groot gevolge, val, word die subjek, d.w.s. die geskiedskrywer, verwaarloos. Val die hoofklem in 'n seleksie-teorie weer op die waardes, dan word die objek, d.w.s. die objektiewe historiese gebeure, verwaarloos. Die juiste seleksie-teorie skyn dus een te wees wat gefundeer is in die spanning tussen subjek en objek, tussen die historikus en die historiese werklikheid. Enersyds is dit sekerlik geen selfbedrog of slegs 'n holklinkende frase nie, as ons sê dat ons waarde-opvattings in die kontak met die historiese werklikheid vervorm, gekorrigeer en verbeter word. Ongetwyfeld het iedereen wat hom met 'n ope en ontvanklike gemoed in die verlede verdiep het, ervaar dat sy aanvanklike opvattings van sekere dinge, van sekere kulturele waardes, deur sy historiese studie sterk beïnvloed en vervorm is. Die empiriese, kousale detailvorsing beïnvloed voortdurend die historikus se waarde-opvattings — verhelderend, korrigerend of bevestigend. Andersyds weer leef 'n bepaalde waarde-opvatting van die menslike kultuur in iedere historikus en dit bepaal sy siening van die gebeurtenisse en laat duidelike spore in die werk van die historikus. Dat die historikus nie van hierdie wedersydse objek-subjek-beïnvloeding bewus is nie, verander niks aan die saak nie. Dat die historikus onbewus daarvan is dat hy sy gegewens selekteer, enersyds volgens 'n beginsel van objektiewe „Wirksamkeit" en andersyds volgens 'n beginsel van subjektiewe waardes, maak hierdie feit sekerlik nie minder waar nie. Vanselfsprekend kan ons die twee elemente slegs kennisteoreties skei — in die gemoed van die historikus heers harmonie.

Verder kan die verskynsels in die verlede òf gesien word as skakels in 'n kousale ketting òf in sy eie waarde, geïsoleerd en om sy self ontwil. Friedrich Meinecke praat van 'n horisontale betragtingswyse en 'n vertikale betragtingswyse. By die horisontale betragtingswyse gaan dit om die kousale verband tussen die verskynsels, die oorsake en gevolge van dinge, die wording. „Die historikus", skrywe Meinecke, „sal ophou om historikus te wees as hy nie ook aan die verbondenheid van die dinge, en die vrae na die werking en gevolg, sy volle aandag skenk nie." By die vertikale betragtingswyse, gaan dit om die verskynsel in sy eie waarde. „Alles . . . in die lewe en die geskiedenis," skrywe Meinecke, „wat tot die ware, skone, goeie en heilige streef, dra sy eie waarde in sigself, in sy eenmaligheid en individualiteit, afgesien daarvan of sukses of mislukking daaruit voortpsrut." Die waarde van die verskynsel is dus hier onafhanklik van die oorsake wat dit in die lewe geroep het, of van die gevolge wat daaruit voortgespruit het.[52] Die verskynsel word hier in 'n geïsoleerde en statiese vorm gesien. Ons is hier dus gekonfronteer met twee betragtingswyses van die geskiedenis-as-werklikheid, met twee geskiedbeskouings. Dieselfde geskiedverskynsel word enersyds gesien as 'n skakel in 'n kousale samehang en andersyds weer as 'n waarde op sigself. Die Spaanse filosoof, Ortega y Gasset, het ook die aandag op hierdie twee geskiedbeskouings

52. Ibid., 118-9.

gevestig. Mens kan die geskiedenis-as-werklikheid sien, aldus Ortega, as 'n reeks wisselende beelde en dan die nadruk lê òf op die beelde òf op die wisseling.[53] Anders gestel: òf op die foto òf op die film. By die *eerste* betragtingswyse word die werklikheid gesien as bestaande uit 'n oneindige aantal gekristalliseerde feite, onbeweeglik in hulle verstarring. Historici en geskiedfilosowe is hier besonder getref deur die statiese beelde, die eie-waarde van elke afsonderlike beeld. Die belangrikheid van hierdie beelde lê dan in die kultuur- of lewenswaardes wat daarin weerspieël word, en die historikus selekteer dan die beelde waaraan hy 'n sekere waarde vir die godsdiens, die kuns, die politiek, ens., toeken. Heinrich Rickert, met sy teorie van seleksie volgens kultuurwaardes, se geskiedbeskouing hoort hieronder. Ofskoon hy die kousaliteit in sy teorie nie heeltemal verwaarloos nie, sien hy die verskynsels van die verlede in die eerste plaas as staties, as geïsoleerd, as individuele totaliteite. Rickert se geskiedbeskouing, verklaar Ernst Troeltsch, is „in die eerste instansie 'n statiese en eers in die tweede instansie 'n dinamiese".[54] En ofskoon Rickert die verwyt met nadruk ontken het,[55] lei dit geen twyfel nie dat Troeltsch gelyk het. By die *tweede* betragtingswyse weer word die dinge gesien in hulle wording. Die beelde word hier vloeibaar en stroom breed uit, soos 'n rivier. Historici en geskiedfilosowe is hier veral getref deur die wisselende tonele, die voortdurende verandering, die kousale gang van dinge. Die belangrikheid van die verskynsels in die verlede, lê vir hulle in hierdie ontwikkeling, hierdie voortsnelling van steeds nuwe gevolge. En hierdie historici selekteer dan dit wat hulle belangrik ag, d.w.s. dit wat besonder „wirksam" skyn te wees. Van die aantal klippe wat langs die berghelling afrol, hou hierdie historici en geskiedfilosowe die klip wat die meeste ander klippe in sy vaart na benede meesleur en die verste rol, vir die belangrikste.

Uit die voorafgaande sal dit duidelik wees dat die historikus in sy geskiedskrywing die klem òf op die waardes òf op die kousaliteite kan lê. En dit voer weer tot twee rigtings in die historiografie. Die onderskeid tussen die twee rigtings het eers mooi duidelik geword in die 19de eeu toe die wetenskaplike geskiedskrywing met Niebuhr 'n aanvang geneem

53. *De Vrije Bladen*, Junie 1937, p. 5. Hier verskyn 'n opstel van José Ortega y Gasset, getitel *Het Gezichtspunt in de Kunsten*, uit Spaans vertaal deur dr. J. Brouwer.
54. *Historische Zeitschrift* (1919), 3. Folge, 23. Band, 3. Heft (der ganzen Reihe 119. Band), p. 384. 'n Opstel deur Ernst Troeltsch, getitel *Ueber den Begriff einer historischen Dialektik. Windelband-Rickert und Hegel.* Troeltsch skrywe o.a.: „In der Entwicklungsbegriff liegt der Berührungspunkt der empirisch-geschichtlichen Forschung und der geschichtsphilosophischen Deutung und Beziehung der Geschichte auf Menschheitziele und Zukunftgestaltung. Er allein ermöglicht den Zusammenhang der einzelnen Vorgänge in einem Ganzen, die Zusammenfassung kleiner Ganzheiten zu einer grossen und der grossen zu einer Gesamtheit des Geschichtsbildes. Er ist also ein Knotenpunkt der Geschichtslogik und ist es insbesondere für jede Gedankenbildung, welche die eigene Zeit und die aus ihr hervorgehende Zukunft zu deuten unternimmt. Gerade an diesem Punkte versagt nun aber die Geschichtslogik Rickerts in besonderem Masse gegenüber demjenigen, was ein wirklich historisches Denken fordert". (383).

het, maar nog duideliker het die onderskeid geword toe natuurwetenskaplike metodes begin invloed uitoefen het op die geskiedskrywing.

Die natuurwetenskaplike metodes het ingehou dat persoonlike waardes uit die gesiedskrywing geban moes word, en die historikus die kousale gang van die gebeurtenisse moet nagaan met die koue blik van die natuurwetenskaplike wat geen oog vir kultuurwaardes of lewenswaardes het nie. „Waar dit op aankom", skrywe die Fransman, Hippolyte Taine, in 1885, „is 'n wetenskaplike opinie. My indrukke tel nie. Wat ek wil, is meewerk in 'n stelsel van ondersoek wat oor vyftig jaar eerlike mense in staat sal stel om iets beters te besit as gevoelsmatige of selfsugtige indrukke oor die openbare toestand in hulle eie tyd." Taine verklaar voorts dat deug en ondeug vir hom produkte soos vitrioel en suiker is, en dat hy sy onderwerp, die verandering van die Franse beskawing in die 18de eeu, bekyk soos die natuurwetenskaplike die metamorfose van 'n insek bekyk.[56] Die positiviste van die laat 19de eeu kom met die eis van 'n waardevrye, suiwer kousale behandeling van die geskiedenis, en in hulle geskiedskrywing probeer hulle dan ook hulle oogmerke deurvoer. Hierdie verwetenskapliking van die geskiedenis het, by al die enorme winste, ook sy skadukant meegebring. Daar is, soos E. H. Carr sê, die steeds groeiende „dry-as-dust factual histories", die lywige en gespesialiseerde monografieë, die talle geskiedskrywers, „knowing more and more about less and less".[57] 'n Geskiedskrywing wat die kontak met die lewe en die kultuur verloor het, wat nie meer die belangstelling van die ontwikkelde publiek het nie, kan nie gesond wees nie. So 'n geskiedenis vervul sy ware funksie nie. Ottokar Lorenz het reeds in 1886 gewaarsku: „As die nuwere kritiek hom werklik verbeel dat hy die standpunt van die waarde-beoordeling kan ignoreer, dan sal hy maar al te gou ervaar dat iedere opgevoede mens daardie geeslose, droë brood wat 'n sogenaamde eksakte geskiedskrywing in die vorm van oorkonderegeste en jaarboeke aanbied, ongebruik laat lê, en eerder heeltemal geen historiese kennis aanneem nie, as 'n blote konglomeraat van feite."[58]

Hierteenoor kry ons 'n geskiedskrywing waar die hoofklem op die waardes val. Ons het reeds daarop gewys dat in alle geskiedskrywing 'n pragmatiese element skuil. Ons wil ook vir ons eie lewe uit die verlede leer. Die subjektiewe behoefte laat hom dus hier sterker geld, en daarom is dit te verstane dat waar die waardes in die sentrum staan, of oorbeklemtoon word, die wetenskaplike geskiedskrywing bedreig word. Bedreig word met, soos Meinecke dit uitdruk, „tendenziösen Umbiegung, Idealisierung oder Verzerrung".[59] Friedrich Nietzsche wys in 1873 daarop dat 'n geskiedskrywing wat daarop uit is om waardes te beklemtoon, om dit wat „voorbeeldig en navolgingswaardig" is, uit te lig, altoos die ver-

55. Rickert, H.: *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung* (1929), 395.
56. Geyl, P.: *Gebruik en Misbruik der Geschiedenis* (1956), 39.
57. Carr, E. H.: *What is History?* (1962), 9.
58. Lorenz, O.: *Die Geschichtswissenschaft* (1886), 69.
59. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 83.

binding van oorsake en gevolge verwaarloos. So 'n geskiedskrywing bestempel hy as 'n versameling van „Effekte an sich".[60] Waar die etiese waarde buite verhouding beklemtoon word, kry ons 'n geskiedskrywing wat moraliseer. Treffende voorbeelde van sulke moraliserende geskiedskrywers is o.a. lord Acton en die Duitser F. C. Schlosser. Schlosser benader die gebeurtenisse van die verlede met die kategoriese imperatief van Kant, en daaraan meet hy persone en gebeurtenisse.[61] Hy is inderdaad wat ons kan noem „a hanging judge" in sy geskiedskrywing. In sy oordrewe beklemtoning van etiese waardes, het Schlosser se swakte, maar ook sy populariteit, as geskiedskrywer gelê. „Wat 'n mens ookal mag sê", skrywe Ottokar Lorenz, „dit is enkel en alleen die skerpe en geweldige waardebeoordeling wat aan die geskiedwerke van Schlosser lesers en bewonderaars verskaf . . . Daardie nooit en nimmer terugtreedende behoefte aan die waardebeoordeling van historiese dinge het Schlosser in oormaat en al te haastig bevredig, maar desnieteenstaande het dit hom sy aanhang verskaf".[62]

Die antwoord op die vraag wat ons aan die begin gestel het, kan dus slegs lui: Die historikus selekteer dit wat hy as belangrik beskou, en belangrik is in die geskiedenis dit wat sekere lewenswaardes verteenwoordig én groot gevolge het. Ons kan die lewenswaardes en die „Wirksamkeit" nie skei nie. Die twee dinge is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. „Elke historiese begrip", aldus Ernst Troeltsch, „is 'n sintese van natuurbepaaldheid en waarde . . . en geen seleksie van uit die begrip van die wesentlike kan hierdie grondelemente ophef nie".[63] Die ideaal van die geskiedskrywer in hierdie opsig moet wees om die balans tussen kousaliteite en waardes te bewaar. Volgens Meinecke het Leopold von Ranke van alle geskiedskrywers die beste daarin geslaag om op die ideale wyse „Kausalitätenforschung" en „Wertdarstellung" organies met mekaar te verbind,[64] en Ernst Troeltsch is dit eens dat die ongeëwenaarde bekoorlikheid van genieë soos Ranke en Burckhardt in hierdie „Gleichgewicht" van kousaliteit en waarde lê.[65]

Die verwaarlosing van een van hierdie twee fasette lei weg van die ware geskiedskrywing. „Gilde-agtige verstarring heet die een en subjektivistiese verwildering die ander van die twee klippe waarteen ons wetenskap (dit is die historiese wetenskap) hom die loop van die volgende era kan verpletter. Die medisyne daarteen kan altoos slegs wees: Geen kousaliteite sonder waardes, geen waardes sonder kousaliteite."[66] So het Friedrich Meinecke in 1924 geskrywe. En inderdaad het die geskiedeniswetenskap oor albei klippe gestruikel. Aan die een kant is dit waar dat „onze wetenschap dreigt te stikken in haar eigen excrementen", soos Jan

60. Nietzsche, F.: *Vom Nutzen und Nachteil der Historie für das Leben* (1962), 18.
61. Bauer, W.: *Einführung in das Studium der Geschichte* (1921), 90.
62. Lorenz, O.: *Die Geschichtswissenschaft* (1886), 69.
63. Troeltsch, E.: *Der Historismus und seine Probleme* (1922), 40.
64. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 73.
65. Troeltsch, E.: *Der Historismus und seine Probleme* (1922), 40.

Romein dit uitgedruk het,[67] en aan die ander kant is dit 'n ewe droewige feit dat geskiedskrywers hulle leen tot „de prostitutie van hun muze", soos Th. J. G. Locher dit gestel het.[68] Dit is te betreure, maar miskien ook te verstane, want die historikus moet in die spanning tussen die twee pole sy taak verrig, en dit is alleen die heel grotes wat op die wankelende punt tussen die twee uiterste pole hulle ewewig kan bewaar. Die geskiedskrywer moet hom dus in diens stel van beide waarde en kousaliteit. Van die kousaliteite: deur die oorsaaklike verband tussen die verskynsels in die verlede na te spoor en daarvolgens sy gegewens te selekteer. Van die waardes: deur die lig te laat val op waardes en daardie waardes te selekteer wat betekenis vir die lewe en kultuur van die hede het, om so die historie van waarde te maak vir die hede.

B. J. Liebenberg

66. Meinecke, F.: *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959), 73.
67. Romein, J.: *Tussen Vrees en Vrijheid* (1950), 41.
68. Den Boer, W., e.a., *Gestalten der Geschiedenis* (1960), 218.